**10 Februarie** **Skrifgedeelte: Johannes 19:28-37**
**HK, Vraag 41**

## Dit het werklik gebeur!

Die lyding en vernedering wat Jesus ondergaan het kon nie werklik met die Seun van God gebeur nie – dit is tog onmoontlik! Ja, selfs die vleeswording van die Woord kon nie werklik gebeur het nie. Dit was alles maar net skyn. Dit het wel waarde as ’n mens dit vergeestelik, maar niks van hierdie dinge het werklik gebeur nie.

Daar was in die vroeë kerk en dwarsdeur die kerkgeskiedenis altyd mense wat dit geglo het. Daar is ook vandag nog baie groepe wat so dink. Dit beteken ook dat die hele lydensweg van Jesus Christus nie werklik gebeur het nie. Die kruisiging was ’n skynvertoning met simboliese betekenis.

Hierdie siening trek nie net ’n streep deur die ware menswording van die Seun van God nie, maar haal ook die hart uit die evangelie. Jesus Christus se werklike lyding en sterwe in ons plek word “vergeestelik”.

As die Kategismus sê dat die begrafnis van Jesus Christus die versekering gee dat Hy “werklik gesterf” het, gaan dit ook hieroor. Sy dood was nie ’n skyndood nie, dit is nie ’n vergeestelikte dood nie. Dit het werklik gebeur en daarom is Hy Verlosser van mense soos jy en ek, ware mense van vlees en bloed.

*Sing: Skrifberymng 5-2:7* *Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~